Bied aan

KUNSTEFEES
VIR HOëRSKOOLLEERDERS
by Hoërskool Florida

Aan alle Florries en Florrie-Ouers 21 Julie 2011

Dis weer tyd vir ons JOKfees (Jeug-Oor-Kultuurfees). Dit vind plaas vanaf Donderdag, 28 Julie tot Vrydag, 5 Augustus 2011.

Die blikkiesbouery vind plaas op Donderdag, 28 Julie vanaf 14:00. Die tema is bedreigde spesies en ons beoog om 'n renoster, pikkewyn, walvis en pandabeer te bou. Aangesien die oogmerk hersirkulering is, beplan ons om nie net met blikkies nie, maar ook met plastiekbottels en plastiek winkelsakke te bou.

Café Provencé, die restaurant bedryf deur die Franse Departement, sal weer vanaf Maandag, 1 Augustus elke dag na skool (in die hotelskool) sorg vir heerlike eetgoed en gebak. Hulle beplan ook Woensdagaand (3 Augustus) 'n Franse ete om die tiende bestaansjaar te vier. Daar sal ook Vrydagoggend, 5 Augustus 'n ontbyt geniet kan word. Die koste vir die kaartjies vir die ete beloop R100 en R50 vir die ontbyt. Dit kan by me M van den Berg of by die restaurant gekoop word.

Die JOKfeesprogram lyk kortliks soos volg:

Donderdag	28 Julie	Die groot bouery
Vrydag	29 Julie	Idols. Kaartjies R50 pp te koop by die finansiële kantoor.
Saterdag	30 Julie	Skryfkursus aangebied deur mnr Harry Kalmer Koste : R250 Bespreek by mnr André Groenewald.
Maandag	1 Augustus	Drama-aand (Gr 12) en kunsuitstalling (Gr 12)
Dinsdag	2 Augustus	NaviRedd – Kaartjies R150 pp. Indien u as gasvrou wil optree vir 'n tafel van 8 persone, kan u gasvroubriewe laat afhaal by die adminkantoor. Skakel andersins vir Rita by by die finansiële kantoor ☎ 011-672-5345.
Woensdag	3 Augustus	Tongelos. Groepe skryf in, by mnr Naudé, vir vasvra oor teater, musiek ens.
Donderdag	4 Augustus	Die Tuindwergies tree op in die saal. Kaartjies kos R50 pp en is te koop by Rita in die finansiële kantoor.
Vrydag	5 Augustus	Pretdag : Die program bestaan oa uit optrede deur 'n gaskunstenaar, personeelkonsert, entrepreneurs (Gr 9), Jollie Patrollie.

Leerders (Gr 8-12) word weer die geleentheid gebied om siviele drag te dra vanaf Woensdag, 3 Augustus tot Vrydag, 5 Augustus teen R20. Skoolreëls tov netheid, juwele, hare, grimering en gedrag geld egter steeds. Die inkomste sal oa aangewend word vir die skool se welsynsfonds, materiaal wat aangekoop moet word vir die blikkiesprojek en so meer.

Ouers wat bereid is om as borge op te tree of donasies wil gee, moet asb die borg/donasievorm voltooi en na me L le Roux terugstuur. Borge kan baniere vertoon of strooibiljette beskikbaar stel vir verspreiding. Ons maak staat op u ondersteuning in dié verband.

Kom geniet die JOKfees saam met ons.

MS SCHUTTE (HOOF) ***L LE ROUX (ORGANISEERDER)***

Bied aan

KUNSTEFEES

VIR HOëRSKOOLLEERDERS

by Hoërskool Florida

HARRY KALMER SE SKRYFKURSUS : SATERDAG, 30 JULIE 2011

Harry Kalmer, bekroonde skrywer, dramaturg en skepper van die geliefde "Vlieger"-stories in Rapport is hierdie jaar deel van die JOK-fees by Hoërskool Florida.

Harry is nie net 'n ervare skrywer nie, hy leer ook deesdae ander mense hoe om te skryf. As deel van die JOK-fees bied hy 'n skryfkursus aan vir Senior (Graad 10-12) leerders.

"Die kursus help leerders om hulle stories te vertel, maak nie saak of hulle nog nooit geskryf het of net ekstra inspirasie nodig het nie," sê Harry "Almal wil skryf, maar hulle weet nie altyd waar om te begin nie. Ander is bang omdat hulle dink mense gaan lag. Dit is maar net twee van die dinge waarna ons kyk."

Die vier ure kursus is 'n praktiese slypskool wat gaan oor die basiese reëls, vaardighede en truuks wat enigiemand kan leer. Deelnemers stap weg met 'n nuwe stel "gereedskap" wat hul help om hulle storie beter te vertel en wat hulle ook in hulle kreatiewe skoolwerk kan aanwend. 'n Sertifikaat sal uitgedeel word wat by jou getuigskrif aangeheg kan word.

Daar word gekyk na beginne, eindes en karakterisering en hoe om woorde te gebruik. Ook na ritme, titels en na die rol van verbeelding.

Dinge wat help om stories te vertel wat mense graag wil hoor.

Die werkswinkel word aangebied op Saterdag, 30 Julie by Hoërskool Florida in die personeelkamer.

Die koste beloop R250, maar indien 'n borg gekry kan word, sal die koste verlaag.

Leerders van ander skole is ook welkom om dit by te woon.

Almal wat belangstel om self te skryf, joernalistiek wil gaan studeer of sommer net hul skryf-vaardigheid wil verbeter, kan baat vind hierby.

Daar is twee kursusse waaruit gekies kan word.

No 1 08:00 – 12:00 No 2 13:00 – 17:00

Bespreek asseblief so gou as moontlik by mnr André Groenewald. Daar is net plek vir 15 kursusgangers per kursus. Verversings sal voorsien word.

MS SCHUTTE
HOOF

L LE ROUX
ORGANISEERDER